

## Kammaland – d

Hallo maatjie! Is jy reg om weer vandag in Kammaland te gaan kuier? Vat mamma, pappa of jou teddiebeer se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit sommer net daar waar jy is.

“Goeie dag maat,” sê Willie. “Dit is so lekker om jou weer te sien! Ken jy al jou klankies? Jy en mamma kan hulle sommer almal saam opsê!” (Sien bladsy met klankies aangeheg, mamma wys en maatjie benoem die klankie.)

“Sjoe, maar jy is oulik hoor! Ons klankie gaan weer vandag deur Manie en Nettie vertel word, maar ek hoop dat ou Manie versigtig sal wees. Hy wil glo ‘n bietjie na die boer se land toe gaan. Kom ons kyk wat gebeur!”

“Maat, ek is weer soooo honger vandag en baie lus vir die wortels in die boer se land,” sê Manie.

“Ooo Manie, ek weet darem nie! Sê nou maar net die boer sien jou? Ek dink nie jy moet gaan nie jong!”

“Aag ou Nettie, jy is darem ‘n ou bangbroek! Ek gaan beslis, al kom jy nie saam nie!”

“Nou maar goed Manie, maar ek gaan ver agter jou loop, net vir ingeval.”

“Ek’s ‘n dapper haas, kyk hoe stap ek op die plaas en daar’s niks waarvoor ek skrik nie... Aa, daar is die boer se land. Net ‘n bietjie verder stap, gou hier by die hek inglip. Daar’s hy! Nou gaan ek lekker wortels eet.” (Manie sien ewe skielik ‘n donkie staan.)

“Nettie, kyk hier! Daar staan ‘n dddd...”

“Wat staan daar?”

“Ek weet nie! Dit is ‘n groot ding met bene!”

“Aai ou Manie, dit is seker Daantjie die donkie!”

“Daantjie, die donkie! O, nou sien ek! Ek het eers net sy groot lyf gesien en nou sien ek sy lang nek. Hy is darem baie groot! Nettie, dit is ons nuwe klankie – d – vir Daantjie donkie. Maat, onthou om eers die lyfie en dan sy nek te skryf hoor! Gelukkig het hy my nie gesien nie. Ek wil net gou een worteltjie vir my en Nettie gabs! Totsiens maat! Sien jou weer volgende keer! Nou gaan ons twee lekker eet!”

Vat weer mamma, pappa of teddie se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



Oefen jou klankies:

